# WETLIKE KENNISGEWING

**UITNODIGING OM TE REGISTREER VIR DIE PUBLIEKEDEELNAMEPROSES: AANSOEK VAN OMGEWINGSMAGTIGING (OM) VIR DIE VOORGESTELDE VELD PV NOORD EN PV SUID ENERGIE FASILITEITE EN VERWANTE INFRASTRUKTUUR, OP DIE RESTANT VAN PLAAS 53 HARAMOEP, NABY AGGENEYS IN DIE NOORD-KAAP**

**DOS Verwysing:** 14/12/16/3/3/1/2051 & 14/12/16/3/3/1/2052

**Projek Titel:** Voorgestelde Veld PV Noord en PV Suid Energie Fasiliteite en Verwante Infrastruktuur naby Aggeneys in die Noord-Kaap

**Projekvoorstel en Ligging:** Die Aansoekers, Veld PV Noord (Edms) Bpk en Veld PV Suid (Edms) Bpk, is van voorneme om 2 (twee) 75 MW sonkragaanlegte te ontwikkel op Haramoep (Restant van Plaas 53) in die Namakwa Distrik Munisipaliteit, ongeveer 20 km noord-wes van Aggeneys in die Noord-Kaap. Die doel is dat die sonkrag fasiliteite deel van ‘n gekonsolideerde sonkrag ontwikkeling wat bestaan uit die voorgestelde Veld PV Noord (75 MW) ne Veld PV Suid (75 MW) sonkragaanlegte sal uitmaak. Die voorgestelde ontwikkeling sal infrastruktuur deel waar moontlik om die algehele voetspoor te verminder. Om die krag wat deur die voorgestelde Veld PV Noord en Veld PV Suid opgewek word the herlei, word ‘n kragnetwerk-verbinding tussen die sonkragaanleg plaas projek en die Aggeneys substasies benodig.

**Wetlike Raamwerk:** ‘n Basiese Invloedbepalingsproses (BIBP) in terme van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (WNOB, Wet Nr. 107 van 1998, soos gewysig) en die 2014 Omgewingsinvloedbepalings Regulasies (soos gewysig) word gevolg ten einde Magtiging vir die voorgestelde energie fasiliteite en verwante infrastruktuur te verkry. Die Departement van Omgewingsake (DOS) is die bevoegde owerheid.

**Advertensie Datum:** 6 September 2019

**Publieke Deelnameproses:** Die publiek word hiermee in kennis gestel van die voorgestelde projek en dat ‘n Aansoek om Omgewingsmagtiging vir die voorgestelde ontwikkeling by die Department van Omgewingsake (DOS) ingedien sal word. Individue word uitgenooi om formeel as 'n Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer indien hulle toekomstige korrespondensie oor die Omgewingsproses wil ontvang (bv. kennisgewing van beskikbaarheid van verslae vir hersiening en kommentaar).
Om as 'n B&GP te registreer, kontak asseblief die persoon hieronder en verskaf u naam, kontakbesonderhede en 'n aanduiding van enige direkte belang (bv. besigheid, finansiële of persoonlike) wat u mag hê ten opsigte van die aansoek. Korrespondensie gedurende die Omgewingsproses sal slegs aan geregistreerde B&GPe versprei word.

**Kommentaar Periode:** Die Konsep Basiese Invloedbepalingsverslag (KBIV) word nou aan die publiek vir ‘n 30-dag hersiening en kommentaar periode beskikbaar gestel. ‘n Harde kopie van die verslag sal beskikbaar gestel word by die Aggeneys Publieke Biblioteek.


| **Corlie Steyn** | |
|---|---|
| **Tel No.:** | 044 805 5421 |
| **Fax. No.:** | 044 805 5454 |
| **Email:** | Corlie.Steyn@aurecongroup.com |
| **Postal Address:** | PO Box 509, George, 6530 |
| **Aurecon Project Ref.:** | 113087 Veld PV North and Veld PV South |